| A | Verklaring van Kaptein F.P.R. Botha | 1- 6 |
| B | Verklaring van Kaptein F.P.R. Botha | 93- 98 |
| A1 | SECHABA - Maart 1986 | 7 - 18 |
| A2 | SECHABA - April 1986 | 19- 25 |
| A3 | SAYCO Konstitusie | 26- 32 |
| A4 | UDF Update - November 1986 | 33- 56 |
| A5 | ISIZWE The Nation - November 1986 | 57- 85 |
| A6 | Staatspresident se boodskap Onder Botha, PW, 1986 | 86- 91 |
| A7 | Noodregulasies en die Media Onder Rapport, 1986-12-21 | 92 |
| C | Verklaring van Kaptein J.F. Conradie | 99-102 |
| C1 | Pamflet - Free the Sharpeville Six Onder UDF, Vaal, 1986 | 103-104 |
| C2 | Pamflet - Consumer Boycott Onder Consumer Boycott Committee (Vaal), 1986 | 105 |
| C3 | ANC-pamflet - Defeat Botha's Emergency Onder ANC, 1986 | 106 |
| C4 | ANC-pamflet - Huurgelde Onder ANC, 1986 | 107-108 |
| C5 | UDF-National United Action 16-26 December 1986 Onder UDF et a, 1986 | 109-110 |
| D | Verklaring van mnr. E.H.K. Matthysen | 111-113 |
| E | Verklaring van Kaptein J.P. Kleynhans | 114-~~122~~ 117 |
| E1 | Notal - Alternatiewe Strukture Reeds in versameling as bewysstuk C100. | 118-123 |
| F | Verklaring van Kaptein J.A. Lubbe | 124-126 |
| F1 | Liberated Zones - Pamflet | 127 |
| F2 | Foto's van messe | 128 |
| F3 | Pamflet - Notas ~~Re~~volutionary Theory | 129-135 |
| G | Verklaring van Adjudant-offisier P.J. Weideman | 136-138 |
| G1 | Theory of S.A. Rev. Onder Nhlaluleko, 1986 | 139-166 |
| G2 | ANC Junie 1985 verslag Onder ANC, 1985 | 167-193 |
| G3 | Pamflet - UDF, COSATU Onder SARHWU, 1986 | 194 |
| G4 | Workshopverslag oor United Nation~~s~~al Action | 195-197 |
| G5 | Pamflet-"Support workers against Exploitation"CCAWUSA Onder CCAWUS 1986 | 198 |


In alpha-lêers (A1–A7; C1–C5; G1–G3; G5)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

| | | |
|---|---|---|
| G6 | Pamflet on December 1"Published by Mawu and Cosatu" Onder MAWU, 1986 | 199 |
| G7 | Plakaat - "December 1st we remember" Onder COSATU, 1986 | 200 |
| G8 | 30 Years of the Freedom Charter - Raymond Suttner & Jeremy Cronin Reeds in versameling | 201-219 |
| G9 | Plakaat-"30 Years of the Freedom Charter" | |
| H | Verklaring C.T.M. de Vries, Tembisa | 221-223 |
| H1 | "Defence" - pamflet | 224 |
| J | Verklaring van Majoor C.J.E. van Wyk-Alexandra | 225-227 |
| J1 | Pamflet - Straatkomitees (Onder AAC, 1986) | 228 |
| J2 | Straatblokke - pamflet. (Onder AAC, 1986) | 229 |
| J3 | AAC-strukture (Onder AAC, 1986) | 230-231 |
| J4 | Pamflet - Org. People's Power - Onder Anon, 1986 | 232-244 |
| K | Verklaring van Kol. W.C. Pretorius | 245-252 |
| K1 | Pamflet - Duduza Onder Duduza Stay Away Committee, 1986 | 253 |
| L | Verklaring van Lt.-Kol. G.H. Nel | 254-258 |
| M | Verklaring van Adjudant-offisier S.C. Venter | 259-260 |
| M1 | Pamflet - RCA Onder Rabanda Civic Association, 1986 | 261-263 |
| M2 | Release our Leaders Onder DPSC & DESCOM, 1986 | 264-266 |
| M3 | UDF News Onder UDF News 3/2, June 1986 | 267-272 |
| M4 | Plakaat "December 16 - 26 Xmas against the Emergency" UDF Onder UDF, 1986 | 273 |
| M5 | Plakaat "10 Fighting Years 1976-1986" Onder UDF, 1980 | |
| N | Verklaring van Sersant T.J. Hough | 275-283 |
| N1 | ANC-Verslag aan O.A.U. July 1986 Onder ANC, 1986 | 284-295 |
| N2 | Foto's, Slagspreuke | 296-305 |
| N3 | Pamflet SRC's Onder Lingelihle SRC Committee, 1986 | 306-307 |
| N4 | Pamflet-Cradock Students' Council Onder Crasco, 1986 | 308 |
| N5 | NECC - Conference Pamflet | 309-310 |
| N6 | NECC - Verslag | 311 |
| N7 | Notule van vergadering - CRASCO | 312-314 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

| | | |
|---|---|---|
| N8 | Notas "Why do people missing ......" | 315-316 |
| N9 | Pamflet - Cape College | 317 |
| N10 | Verslag - Crasco Meeting | 318 |
| N11 | Pamflet Viva ANC, UDF, SACP | 319-320 |
| N12 | Pamflet "Where are They" Onder ECASCO, 1986 | 321 |
| N13 | Pamflet"Doors of Learning and Culture shall be opened" | 322 |
| N14 | COSAS/AZASO Pamflet Onder COSAS, AZASO, 1986 | 323 |
| N15 | History of Student Struggle | 324 |
| N16 | Pamflet "Resist Victimisation and Banning" | 325 |
| N17 | Foto's | 326 |
| N18 | Foto's | 327 |
| N19 | Pamflet 16 - 26 December 1986 | 328-330 |
| O | Verklaring van Kaptein F.P.R. Botha | 331 |
| O1 | Pamflet - FOSATU onder FOSATU, 1984 | 332 |
| P | Verklaring van S.J. Coetzer | 333-334 |
| P1 | Pamflet in selle 16-26 Desember: gevind te Delmas Onder | 335 |
| P2 | Pamflet in selle gevind te Delmas UDF, 1986 | 336 |
| Q | Verklaring van Adv. D.B. Brunette S.C. | 337-338 |
| R | Verklaring van Luit. D.B. Erasmus - Stompie vlug. | 339 |
| R1 | Klagstaat S v Stompie Mokgele | 340-347 |
| S | Verklaring van Majoor P.E.J. Kruger | 348 |
| S1 | Verklaring van Majoor P.E.J. Kruger | 349 |
| T | Verklaring van Kapt. F.P.R. Botha | 351-352 |
| U | Verklaring van Mnr. A.A. Mahlangu [p 354-363 reeds elders in versameling] | 353-363 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

0001 Delmas

A 188

FREDERICK PHILLIPUS RUDOLPH BOTHA :

Kaptein in die S.A. Polisie en verbonde aan die Veiligheidsafdeling, Hoofkantoor :

VERKLAAR ONDER EED -

1.

Dat die verklaring wat ek nou gaan aflê na my beste wete en oortuiging waar is, en dat ek dit aflê met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word, ek vervolg sal word indien ek daarin opsetlik iets verklaar wat ek nie glo waar is nie.

2.

Uit die aard van my pligte en werksaamhede het ek toegang en insae in dokumentasie en inligting wat van tyd tot tyd ontvang word van beriggewers wat verband hou met die rewolusionêre aan=slag teen en binne die Republiek van Suid-Afrika, asook die selfregerende en onafhanklike State wat voorheen deel was van die Republiek van Suid-Afrika.

3.

Op die 8ste Januarie 1986 het Oliver Tambo van die "African National Congress" in sy nuwejaarsboodskap strategieë vir 1986 uiteengesit wat onder andere die volgende insluit -

- die intensivering van verenigde massa-aksies wat deur middel van die "United Democratic Front" gekoördineer moet word;
- dat die massa-aksies gekombineer moet word met die gewapende stryd om sodoende 'n sogenaamde "People's War" daar te stel wat nie deur die Veiligheidsmagte beheer sal kan word nie;
- voortgebou moet word op die suksesse om Owerheidsinstel=lings te vernietig en om alternatiewe strukture vir die instel van sogenaamde "People's Power" te vestig. (Sien "Sechaba", Maart 1986, pp. 2 - 12).

4.

Sedert Januarie 1983 is daar deurlopend voldoen aan die oproep van die "African National Congress" dat die massas politiseer, mobiliseer en georganiseer moet word om alle Owerheidsinisia=tiewe en -instellings onwerkbaar te maak.

2/ ................

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

5.

In 1984 is die voorafgaande oproep opgevolg deur 'n oproep van die ANC dat Owerheidsinstellings vernietig en Swartwoongebiede onregeerbaar gemaak moet word, asook dat Polisiebeamptes en die sogenaamde "sell-outs" uit Swartwoongebiede gedryf moet word.

6.

Sedert Januarie 1986 is die persoon, wonings en eiendom van Polisiebeamptes en ander persone wat betrokke is by een of ander Owerheidsinstelling of daarmee geskakel het, op verskeie geleent= hede aangeval en/of vernietig. Die feite word ook uiteengesit in 'n persverklaring gepubliseer in "Rapport" van 21 Desember 1986, soos opgestel deur die Buro vir Inligting, 'n Owerheidsinstansie.

7.

Sedert Januarie 1986 tot op datum is deurlopend voldoen aan die strategie van die ANC, soos uiteengesit, en is daar landswyd strukture tot stand gebring ten einde "People's Power" daar te stel. Volgens dokumente en inligting van beriggewers het die UDF en sy filiale reeds sedert Oktober 1985 'n nasionale veldtog getiteld "Forward to People's Power" geloods. Dit word ook bevestig deur Steve Tshwete, 'n UDF ampsdraer in 'n gesprek met Cassius Mandla in die "Sechaba", 'n ANC-publikasie, van April 1986 op pp. 2 - 6.

8.

(1) Die strukture wat daargestel is as gevolg van die UDF-veldtog, sluit onder andere in straat- en areakomitees wat deur gemeenskapsorganisasies in samewerking met jeug-, werkers- en vroueorganisasies tot stand gebring is. Dit het geskied in opdrag van die "United Democra= tic Front".

(2) Hierdie strukture het ten doel om alle Owerheidsinstellings in die land te vernietig en onwerkbaar te maak en dit te vervang met strukture wat deur hulle beheer en geadminis= treer sal word om sodoende die sogenaamde "People's Power" daar te stel.

(3) Ten einde hierdie strukture vlot te laat funksioneer, word daar van gewelddadige metodes en intimidasie gebruik gemaak. "Volkshowe" (People's Courts) is ingestel en het die vonnisse ingesluit lyfstraf en die bekende "Halssnoer= moorde" (Necklaces).

9.

Wat die jeug in die sogenaamde "Vryheidstryd" betref, se Oliver Tambo in sy nuwejaarsboodskap op 8 Januarie 1986 op bladsy 4

.................

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

van "Sechaba" gepubliseer in Maart 1986, die volgende -

> "We must continue to work for the establishment of a National Youth Organisation".

Hierdie oproep deur Oliver Tambo is opgevolg deur Peter Mokaba en Deacon Mathe. Eersgenoemde is lid van die UDF-Koördinerende Komitee (Noord-Transvaal). Hulle het gedurende Augustus/September 1986 'n besoek gebring aan Zimbabwe waar hulle lede van die ANC ontmoet het. Die stigting van 'n "National Youth Organisation" was bespreek met die lede van die ANC. Met hul terugkeer het beide deelgeneem aan 'n vergadering in Pretoria waar Peter Mokaba verslag gedoen het oor hul ontmoeting en samesprekings met die ANC in Zimbabwe, en waar Peter Mokaba die ANC se tevredenheid met betrekking tot die stigting van die "National Youth Organisation" aan die vergadering oorgedra het.

10.

(1) Op die vergadering is ook besluit dat die "National Youth Organisation" gestig sal word gedurende Januarie 1987, en is besluit dat die naam van die organisasie sal wees die "South African Youth Congress" (SAYCO).

(2) Frans Mohlala het lateraan ook na die UDF-kantore te Khotso-huis, Johannesburg, gegaan waar hy die Konstitusie van SAYCO ontvang het van Mohammed Vali, wat ook verbonde is aan UDF.

(3) Na ontvangs van die Konstitusie het hy teruggekeer na Noord-Transvaal waar hy in Lebowa die Konstitusie aan die bestaande jeugorganisasies verduidelik het, en daar is toe 'n oorkoepelende jeugorganisasie, naamlik die "Northern Transvaal Youth Congress" gestig.

(4) Hierdie "Northern Transvaal Youth Congress" bestaan uit jeugorganisasies wat reeds aan UDF geaffilieer is.

(5) In 'n publikasie getiteld "UDF Update, UDF Information Bulletin Vol. 2, No. 3 - November 1986, p. 2" onder die opskrif "Youth to Unite in National Organisation, Forward to Congress", word gehoor gegee aan Oliver Tambo se oproep soos vervat in die "Sechaba" van Maart 1986, p. 4 para. 5.

11.

In die lig van bostaande en weens die bevorderende effek daarvan op die rewolusionêre klimaat, was die Owerheid genoodsaak om op 12 Junie 1986 'n noodtoestand en wye veiligheidsregulasies af te kondig.

12.

Nieteenstaande die afkondiging van die noodtoestand en gepaardgaande regulasies is die rewolusionêre klimaat as gevolg van

...............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

ANC- en UDF-publikasies en -aksies verhoog, en het dit gepaard= gegaan met veldtogte wat die ANC vanuit Harare geloods het om 'n huurboikot landswyd in te stel en neem die UDF en sy filiale aktief daaraan deel, en ook aktief deel aan die eise dat Raads= lede moet bedank.

13.

Hierdie toestand het veroorsaak dat die rewolusionêre klimaat verhoog het en dat die veiligheid van die publiek, die hand= hawing van wet en orde en die veiligheid van die Staat ernstig in gevaar gestel is. Die Owerheid was gevolglik genoodsaak om wyer magte aan die Veiligheidsmagte te verleen, soos uiteengesit in die Staatspresident se persverklaring.

14.

Ten spyte van die streng veiligheidsmaatreëls, het aksies deur "Umkhonto we Sizwe" en rewolusionêres binnelands ernstige skade aan eiendom, beserings en lewensverlies tot gevolg gehad.

15.

Ek beskik oor inligting dat Frank Chikane, 'n ampsdraer van UDF, die RSA verlaat het. Ek het navrae gedoen by Owerheidsinstan= sies wat paspoorte en reisdokumente uitreik, en volgens inlig= ting wat ek tydens navrae bekom het, het nie een van dié in= stansies 'n paspoort of reisdokument aan hom uitgereik nie en is dit dus onbekend op watter wyse hy die RSA verlaat het.

16.

In 'n dokument getiteld "ISIZWE, the Nation, Journal of the United Democratic Front, Vol. 1, No. 3, November 1986, Issued by the UDF", onder die opskrif "UDF Diary, 3 years of united action" op bladsy 50, maak die UDF die volgende stelling ten opsigte van Terror Lekota en Popo Molefe, tans beskuldigdes in die huidige verhoor van die Staat teen P.M. Baleka en Andere -

> "6 - 7 April 1985. Lekota en Molefe, who emerged from hiding are re-elected National Publicity and General Secretary"

en veral op bladsy 51 maak UDF die volgende stelling

> "Thousands of UDF activists including 136 known UDF officials are detained during the state of emergency. Many others go 'underground' to avoid detention".

17.

In dieselfde publikasie erken UDF sy skakeling met die ANC.

5/................

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Op bladsy 54 maak UDF die volgende stelling -

> "10 June 1986. The UDF as well as a number of its affiliates have met with the ANC".

18.

Die UDF erken ook dat die aktiwiteite "ondergronds" voortgesit word. Op bladsy 54 van dieselfde dokument stel UDF dit soos volg -

> "12 June 1986, paragraph 3 :
>
> In expectation of the inevitable clampdown hundreds of UDF activists go 'underground' to avoid detention. This enables many UDF activists to continue their work".

19.

Vir die tydperke 1 Januarie 1986 tot 11 Junie 1986 en 12 Junie 1986 tot 30 Desember 1986 het geweld in die volgende kategorieë soos volg afgeneem :

| | | | |
|---|---|---|---|
| Halssnoermoorde ("Necklaces") .... | 104 | teenoor | 195; |
| Aanvalle op Raadslede ............ | 6 | teenoor | 9; |
| Aanvalle op Veiligheidsmagte ..... | 351 | teenoor | 446; |
| Aanvalle op Staatsgeboue ......... | 296 | teenoor | 488; |
| Voorvalle waar Eiendom beskadig is | 1541 | teenoor | 2548. |

Alhoewel daar in bogenoemde gevalle 'n afname voorkom, het daar vir dieselfde tydperk 'n eskalasie in die volgende twee katego= rieë voorgekom, naamlik -

| | | | |
|---|---|---|---|
| Terreurdade ...................... | 121 | teenoor | 107; |
| Aanvalle op persone verbonde aan Staatsinstansies ................. | 17 | teenoor | 9. |

20.

Vanweë die feit dat wyer magte aan die Veiligheidsmagte verleen is, is 'n groter mate van sukses behaal en het geweld en intimi= dasie (uitgesluit terreurdade) merkbaar afgeneem, maar nieteen= staande die wye magte verleen aan die Veiligheidsmagte het die rewolusionêre klimaat nog nie genormaliseer nie en dui alle inligting daarop dat indien die noodtoestand nou opgehef sou word, daar 'n eskalasie van geweld sal plaasvind.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

So help my God.

Botha Kapt.

F.P.R. BOTHA KAPTEIN
SUID-AFRIKAANSE POLISIE

6/ .............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring op hede die dag van JANUARIE 1987, om

--------------------

G.J. MYNHARDT KAPTEIN
VREDEREGTER :
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

GABRIËL JOHANNES MYNHARDT
KAPTEIN - S.A. POLISIE
ELANDGEBOU
KERKSTRAAT
POTCHEFSTROOM

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

FREDERICK PHILLIPUS RUDOLPH BOTHA

KAPTEIN IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE GESTASIONEER TE VEILIGHEIDSHOOFKANTOOR, PRETORIA, VERKLAAR:

1.

Dat die verklaring wat ek nou gaan aflê na my beste wete en oortuiging waar is, en dat ek dit aflê met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word, ek vervolg sal word indien ek daarin opsetlik iets verklaar wat ek nie glo waar is nie.

2.

Uit die aard van my pligte en werksaamhede hanteer en evalueer ek inligting wat deurlopend tot my aandag kom met betrekking tot my ampsdraers en persone verbonde aan die UNITED DEMOCRATIC FRONT en sy affiliale, met die oog om indien die inligting of getuienis wetlike optrede noodsaak, dit te gelas.

Hierdie wetlike optrede sluit nie net in optrede onder die Veiligheidsregulasies nie, maar ook ander landswette wat van toepassing mag wees.

Hierdie wetlike optredes word individueel oorweeg ten einde te verseker dat optredes bona fide is, en om te voorkom dat sulke optredes die openbare orde verder versteur.

3.

Op 1987-01-26 het ek insae gehad in die beëdigde verklarings van die volgende persone, nl:

BENEDICTA MONAMA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Volgens inligting tot my beskikking verkeer sy tans in die buiteland en word sy gesoek vir aanhouding ingevolge die veiligheidsregulasies agv haar optrede.

DEACON MATHE

Hy word tans gesoek vir aanhouding en ondervraging ingevolge art 29(1) Wet 74/1982 (Wet op Binnelandse Veiligheid). Sy beoogde aanhouding spruit voort uit sy aktiwiteite in die Saulsville/Atteridgeville Youth Organisation en as Jeugorganiseerder van die UDF waardeur die doelstellings van die verbode ANC bevorder is. Hy kon tot dusver nie opgespoor word nie en dit is onbekend waar hy hom bevind.

Die persoon CEDRIC KEKANA gemeld in para 4 van MATHE se eedsverklaring het sedert 1985 verdwyn en kon tot dusver nie opgespoor word nie.

D SWARTZ

Hierdie persoon wat die sekretaris van die UDF Oos-Kaap is, word sedert 1985 gesoek ten einde hom vir ondervraging ingevolge art 29(1) Wet 74/1982 (Wet op Binnelandse Veiligheid). Sy beoogde aanhouding spruit voort uit sy aandeel, as sekretaris vir die UDF Oos-Kaap, vir die instelling van alternatiewe regeringstrukture. Lg maak prima facie ŉ saak van Hoogverraad uit. DERICK SWARTZ se oueers en regsverteenwoordigers het dmv ŉ telegram die Afdelingskommissaris van die SA Polisie Grens-afdeling gedreig met ŉ siviele geding indien lede van die Mag volhard om hulle lastig te val in ŉ poging om SWARTZ op te spoor.

Die persoon Lucille MEYER na wie SWARTZ verwys in para 4 van sy eedsverklaring word tans ook gesoek vir aanhouding ingevolge die Veiligheidsreggulasies. Ek beskik oor inligting dat sy na Ciskei uitgewyk het en daar skuil hou.

DR BEYERS NAUDE

Hy is die algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke wat mede-verantwoordelik is vir die plasing van ŉ advertensie in verskeie dagblaaie op 1987-01-08 waardeur die beeld van die ANC

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

bevorder is en wat tans die onderwerp van ŉ ondersoek met die oog op formulering van ŉ klagte uitmaak. Uit hoofde van sy amp sal hy dus moontlik sy aandeel daarin moet verantwoord.

JESSIE DUARTE

Sy is op 1986-12-05 vanweë haar aktiwiteite nie aangehou nie, maar is ingevolge Rev 7(1) van die Veiligheidsregulasies sekere beperking opgelê. Nieteenstaande hierdie wetlike optrede beskik ek oor inligting dat sy ondergronds met haar bedrywighede voortgaan, en wat mag lei tot verdere optrede. Soortgelyke optrede is teen A DAWBER geloods en die inligting daarop dat sy tans ondergronds haar bedrywighede voortsit, en kan dit lei tot verdere stappe.

SYDNEY PHOLISANI MUFAMADI

Sy bedrywighede is tans van so ŉ aard dat ingevolge Wet 74/1982 optrede oorweeg word.

EDDIE MAKUE

Sy optrede is ook oorweeg en is daar op 1986-12-05 ingevolge regulasie 7(1) van die Veiligheidsregulasies sekere beperking op hom geplaas, en tans dui inligting daarop dat hy sy bedrywighede ondergronds voortsit, en mag dit lei tot verdere optredes. Die persoon Erick MOLOBI genoem in paragraaf 6, van sy eedsverklaring word gesoek vir aanhouding ingevolge die Veiligheidsregulasies tov Sidney MAFUMADI genoem in paragraaf 4, van sy eedsverklaring (sien vorige paragraaf). Die persoon R.A.M. SALOOJEE genoem in paragraaf 6, se optrede was van so ŉ aard dat daar op twee geleenthede alreeds teen hom wetlik opgetree is, en dui die inligting daarop dat hy ondergronds met bedrywighede besig is, maar vanweë sy gesondheidstoestand is verdere optrede teen hom agterweë gehou. Hy het reeds by twee geleenthede vertoë tot die Minister van Wet en Orde gerig vir ŉ verslapping van die beperkings op hom geplaas.

Dr MOTLANA na wie verwys word in para 6, van sy eedsverklaring is verbonde aan die Soweto Civic Association en dien op die bestuur. Tans word ŉ ondersoek ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid teen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

die SCA ondersoek en sal dr MOTLANA sy optrede as bestuurder moet verduidelik.

Voorts is dr MOTLANA tydens sy terugkeer vanuit Botswana in besit gevind van 'n verbode publikasie nl 'n ANC-pamflet, en word daar 'n oortreding van art 56(1)C van Wet 74/1982 teen hom ondersoek.

GEORGE DU PLESSIS

Die persone genoem in paragraaf 5 van sy eedsverklaring nl professor I MOHAMMED se aktiwiteite is van so 'n aard dat sy aanhouding oorweeg is, maar beskik ek ook oor mediese getuienis dat sy gesondheidstoestand veel te wense oorlaat, en is daar gevolglik ingevolge Reg 7(1) van die Veiligheidsregulasies sekere beperkings op hom geplaas. Agv die gesondheidstoestand van professor MOHAMMED is daar tot dusver om menslikheidsredes nie teen Ellen MOHAMMED enige stappe geneem nie.

SISA NJIKELANA

Hierdie persoon se aktiwiteite is van so 'n aard dat wetlike optrede teen hom oorweeg is, maar vanweë die ernstige beserings wat hy in 'n motorongeluk opgedoen het en in die Baragwanath-hospitaal opgeneem is, is optrede teen hom voorlopig agterweë gehou.

AUBREY DUNDUBELA MOKOENA

Sy optrede is tans van so 'n aard dat oorweeg word om moontlik in die nabye toekoms teen hom op te tree, en daarbenewens is hy 'n beskuldigde in 'n saak van 'n oortreding van artikel 44(1)E Wet 8/1959 (Wet op Gevangenisse).

Onwettige publikasie van die foto van NELSON MANDELA: Tans word daar ook 'n aanklag van 'n oortreding van art 13 Wet 74/1982 (Wet op Binnelandse Veiligheid) ondersoek wat eersdaags voor die Prokureur-generaal gelê sal word vir 'n beslissing. Die persoon Jabu NGWENYA genoem in paragraaf 5 van sy eedsverklaring word tans gesoek vir optrede ingevolge die Veiligheidsregulasies..

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

4.

Ten opsigte van die persone gemeld in die ander relevante eedsverklarings is optrede nie uitgesluit nie, enige verduideliking sou egter lei dat daar in sekere gevalle sensitiewe inligting openbaar moet word wat polisie-optredes en -metodes sal ontbloot asook die lewens van beriggewers in gevaar sou stel.

5.

Landwyd word daar tans sake wat ondermeer insluit Hoogverraad, Subversie en ander klagtes teen UDF en filiale se ampsdraers en aktiviste ondersoek.

Verskeie persone is reeds in die sake aangehou en sommiges het reeds voor die Hof verskyn om op die klagtes te antwoord.

Verskeie van die persone het ondergronds gegaan of die land verlaat en kan nie opgespoor word nie.

'n Aansienlike hoeveelheid sake wat sedert die ontstaan van die UDF ondersoek word, is ook nog nie gefinaliseer nie.

6.

In verskeie gevalle kan sake nie vir doeleindes van vervolging aan die Prokureurs-generaal voorgelê word nie omdat beriggewers se identiteit beskerm moet word en sensitiewe polisie-metodes openbaar kan word. Die verkryging van inligting met betrekking tot die rewolusionêre aanslag weeg swaarder as die vervolging van persone in sulke gevalle.

7.

Op 1987-02-04 het ek ook insae gehad in Aanhangsel 'E' tot die applikante se eedsverklarings. Tov die persone genoem in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

eedsverklarings geld dieselfde beginsel soos uiteengesit in paragrawe 4 en 6.

8.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete. So help my God.

PLEK: Pretoria

DATUM: 1987·02·04.

KAPTEIN

F P R BOTHA

SUID-AFRIKAANSE POLISIE

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring op hede die 4de dag van Februarie 1987 om 16h00 te Pretoria.

KAPTEIN

G J MYNHARDT

VREDEREGTER:

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

G J MYNHARDT

KAPTEIN : SA POLISIE

WACHTHUIS

SCHOEMANSTRAAT

PRETORIA

/184

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

JACOBUS FRANCOIS CONRADIE :

Kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Vereeniging en verbonde aan die Veiligheidstak, Vereeniging :

VERKLAAR ONDER EED -

1.

Dat die verklaring wat ek nou gaan aflê na my beste wete en oortuiging waar is en dat ek dit aflê met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word, ek vervolg sal kan word indien ek daarin opsetlik iets verklaar wat ek weet vals is, of wat ek nie glo waar is nie.

2.

My pligte behels die ondersoek, die hantering van beriggewers en insameling van inligting rakende Veiligheidsaangeleenthede en is my pligte veral toegespits op die Vaaldriehoek.

3.

Gedurende 1986 is daar in die Vaaldriehoek verskeie kampanjes geloods, soos onder andere "Free the Sharpeville Six", en is daar verskeie pamflette in die Vaaldriehoek versprei onder die naam van "UDF - Vaal". In dié pamflette word die massas daarop attent gemaak dat die sogenaamde "Apartheid Courts" gebruik word om die weerstand van die massas te onderdruk. Die massas word in die pamflet daarop gewys dat die ses persone wat weens die moord op 'n raadslid, naamlik Raadslid Dlamini, tot die dood veroordeel is, nie verantwoordelik is vir sy dood nie. In die pamflet word ook 'n oproep gedoen op die Regering om -

- die Hoogverraad-aanklag teen die huidige 22 beskuldigdes terug te trek;
- dat die Raadslede moet bedank;
- dat die huishuur na R30-00 verlaag moet word;
- dat die noodtoestand opgehef moet word;
- dat die in-die-bandoening van COSAS opgehef moet word; en
- dat alle politieke gevangenis vrygelaat moet word.

4.

Daar word ook 'n verbruikersboikot gepropageer en is pamflette in die Vaaldriehoek versprei onder die opskrif "Consumers' Boy= cott". In dié pamflet word ook geëis dat die Noodtoestand op= gehef word, dat die skole heropen moet word en dat die Raadslede moet bedank. Die pamflet is uitgereik deur die "Consumer Boy= cott Committee".

2/ ..............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

5.

(1) Op 1986.11.26 ontvang ek 'n dokument getiteld "Defeat Botha's Emergency" wat uitgegee is deur die "African National Con= gress" (ANC). Hierdie dokument het ek ontvang van 'n berig= gewer wie se identiteit ek nie kan openbaar nie. Hierdie dokument is vanuit Harare, Zimbabwe, in die RSA en Vaaldrie= hoek versprei. Uit die dokument blyk dit duidelik dat die ANC tevrede is met wat alreeds binnelands vermag word, en stel die ANC dit soos volg: "At the grassroots activists are continuing to assist in the building of street, area and zone committees in townships and ghettoes throughout the country as a rock solid base which the enemy can never destroy. Our people are continuing with rent and consumer boycotts despite all the regime's efforts to break these".

(2) Uit die dokument blyk dit ook duidelik wat die ANC se hou= ding is ten opsigte van die afgekondigde noodmaatreëls, naamlik "We must speak out and organise against the regime and its emergency. We must build alternative organs of People's Power in the townships so that we govern ourselves in these areas. We must organise the people to resist through spreading rent and consumer boycotts and other mass campaigns. We must build people's defence units to protect our people against Police and vigilantes. We must create the conditions for the service of more and more M.K. cadres and units inside the country".

6.

(1) Op dieselfde datum ontvang ek van dieselfde beriggewer 'n dokument waarvan die inhoud soos volg ingelei word -

> "The Freedom Charter, the revolutionary programme of the African National Congress says"

en word afgesluit met die woorde -

> "ASIBHADALI!!! HARE PATALE!!!, WE WON'T PAY!!! Let this call resound everywhere! Let the anti-rent campaign spread to every corner of our land.

(2) Uit hierdie dokument blyk dit duidelik dat 'n landswye "Anti-Rent"-kampanje geloods word soos uiteengesit word in die dokument "Our refusal to pay rents is part of our struggle for the creation of democratic and non-racial municipal councils" en "We have a mighty weapon in our hands, let us use it as part of our assault on the enemy's economy to deny it the money it uses to maintain its apartheid structures in the townships and in the bantu= stans. Let us push the Botha regime further into the defensive".

(3) Verder propageer die dokument dat organisasie om nie die huishuur te betaal nie, deur middel van Straatkomitees en Gemeenskapsorganisasies moet geskied. 'n Beroep word ook

3/ ................

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

gedoen om die "Community Council System" te vernietig en word die massas daarop gewys dat reeds 30 sulke instansies vernietig is deur "Rent Boycotts". Inligting dui daarop dat die dokument ook vanuit Harare, Zimbabwe, landswyd in die RSA versprei is en dat die oproepe in beide pamflette wat vanuit Harare versprei is wel 'n invloed op die massas gehad het en dat kampanjes teen die betaling van huishuur in die Vaaldriehoek suksesvol geloods is. Die UDF stel dit soos volg in sy dagboek in 'n dokument getiteld "ISIZWE, The Nation, Journal of the United Democratic Front, Vol. 1, No. 3, November 1986 op bladsy 47 "to this day, Vaal resi= dents are still not paying rents, and the events of the 3rd September are the central focus in the Delmas treason trial of Terror Lekota, UDF publicity secretary, Popo Molefe, UDF national secretary, and 20 other activists, many members of the Vaal Civic Association, a UDF affiliate".

7.

Op 1986.12.09 ontvang ek ook van 'n beriggewer 'n pamflet getiteld "Campaign for National United Action", December 16-26, 1986. Christmas against the Emergency. Hierdie dokument is versprei onder die naam van die "United Democratic Front" (UDF), Congress of South African Trade Unions (COSATU), National Education Crisis Committee (NECC) en die "South African Council of Churches" (SACC).

8.

Alhoewel geweld in die Vaaldriehoek afgeneem het in die afgelope maande, is organisering, mobilisering en politisering van die massas, insluitende die Swartjeug, nie gestaak nie. Ek beskik ook oor inligting dat pogings aangewend word om die jeug in 'n nasionale eenheid as front te mobiliseer, wat die Vaaldriehoek sal insluit, maar het die bykomende magte wat aan die Veilig= heidsmagte verleen is en optredes deur die S.A. Polisie die pogings in die Vaaldriehoek ernstig in die wiele gery. Inligting dui egter daarop dat alle pogings nie laat vaar is nie.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

So help my God.

Conradie

J.F. CONRADIE KAPTEIN

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertoud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring

4/ ............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring op hede die dag van JANUARIE 1987, om

G.J. MYNHARDT KAPTEIN
VREDEREGTER :
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

GABRIËL JOHANNES MYNHARDT
KAPTEIN : SUID-AFRIKAANSE POLISIE
ELANDGEBOU
KERKSTRAAT
POTCHEFSTROOM

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

V E R K L A R I N G

Ek E H K Matthysen blanke man 40 jaar oud verklaar onder eed.

Ek is die Stadstesourier van die Stadsraad van Lekoa, vanaf 1 Mei 1984. Die Stadsraad se finansiële posisie ten opsigte van huishuur en dienstegelde sien soos volg daaruit :

1. Posisie voor onluste van 3 September 1984 :

| | |
|---|---|
| Gemiddelde maandelikse debiet vanaf Januarie 1984 tot Augustus 1984 - 8 maande | R2 578 416,00 per maand |
| Gemiddelde maandelikse inkomste vanaf Januarie 1984 tot Augustus 1984 - 8 maande | R2 236 484,00 per maand |
| Gemiddelde tekort voor onluste | R 341 932,00 per maand |

Dit verteenwoordig 86,73% inkomste teenoor debietheffing en 'n agterstallige van 13,27% per maand.

2. Posisie na onluste van 3 September 1984:

| | |
|---|---|
| Gemiddelde maandelikse debiet vanaf September 1984 tot April 1985 - 8 maande | R2 540 532,00 per maand |
| Gemiddelde maandelikse inkomste vanaf September 1984 tot April 1985 - 8 maande | R 803 675,00 per maand |
| Gemiddelde tekort vir 8 maande na onluste | R1 736 857,00 per maand |

Dit verteenwoordig slegs 31,63% inkomste teenoor debietheffing.

3. Die posisie vir die volgende 9 maande tot Januarie 1986:

| | |
|---|---|
| Gemiddelde maandelikse debiet vanaf Mei 1985 tot Januarie 1986 - 9 maande | R2 242 990,00 per maand |
| Gemiddelde maandelikse inkomste vanaf Mei 1985 tot Januarie 1986 - 9 maande | R 521 109,00 per maand |
| Gemiddelde tekort vir daaropvolgende 9 maande | R1 721 881,00 per maand |

Dit verteenwoordig 23% inkomste teenoor debietheffing.

4/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

4. Die posisie vir 9 maande tot Oktober 1986 :

| | |
|---|---|
| Gemiddelde maandelikse debiet vanaf Februarie 1986 tot Oktober 1986 - 9 maande | R2 262 353,00 per maand |
| Gemiddelde maandelikse inkomste vanaf Februarie 1986 tot Oktober 1986 - 9 maande | R 375 674,00 per maand |
| Gemiddelde tekort vir 9 maande tot Oktober 1986 | R1 886 679,00 per maand |

Dit verteenwoordig 17% inkomste teenoor debietheffing.

5. Die posisie vir November 1986 - die laaste beskikbare syfers :

| | |
|---|---|
| Heffings vir die maand November 1986 | R2 480 373,00 per maand |
| Inkomste vir die maand November 1986 | R 511 163,00 per maand |
| Tekort vir November 1986 | R1 969 210,00 per maand |

Dit verteenwoordig 21% inkomste teenoor debietheffing.

Vir die tydperk na die onluste van 3 September 1984 tot November 1986,is die gemiddelde agterstallige bedrag in die koers van 76,84% per maand, wat die totale agterstallige bedrag ten opsigte van huur en dienstegelde tot aan die einde van November 1986 opgestoot het na R46 577 428,00.

Spontane betalings vind so te sê glad nie meer plaas nie. Betalings wat tans ontvang word is grootliks te danke aan aftrekkings en oorbetalings wat deur werkgewers gedoen word ten gunste van hulle werknemers.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en het geen beswaar teen die aflegging van die eed nie. Ek beskou die eed as bindend vir my gewete.

E H K MATTHYSEN

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

300

0113

Vereeniging 87/01/09 14 00

~~S.A.O. WS0429W~~

DIDERIKUS PIETER TERBURGH

GEN. VOORTREKKER ST. VEREENIGING

1930

WS0429W S.A.O.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

E 301

JOHANNES PETRUS KLEYNHANS :

Kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie; gestasioneer te Krugersdorp en verbonde aan die Veiligheidstak, Krugersdorp.

VERKLAAR ONDER EED -

1. Dat die verklaring wat ek nou gaan aflê, na my beste wete en oortuiging waar is en dat ek dit aflê met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word, ek vervolg sal kan word indien ek daarin opsetlik iets verklaar wat ek nie glo waar is nie.

2. Uit die aard van die amp wat ek beklee, het ek insae in dokumente en inligting wat van veiligheidsbelang is, en veral met betrekking tot bedrywighede aan die Wesrand, wat insluit die woongebiede KAGISO, MOHLAKENG en MUNSIVILLE. In Kagiso bestaan daar 'n gemeenskapsorganisasie bekend as die "Krugersdorp Residents' Organisation" (KRO), en in Mohlakeng bestaan daar ook 'n gemeenskapsorganisasie bekend as "Mohlakeng Civic Association" (MOCA).

   Beide hierdie organisasies is geaffilieer aan die United Democratic Front (UDF).

3. Daar bestaan ook jeugorganisasies in Kagiso, naamlik "Krugersdorp Youth Congress" (KAYCO); "Kagiso United Front" (KUF) en "Munsiville Youth Congress" (MUYCO). Hierdie orga= nisasies word direk beheer en geadministreer deur die "Kru= gersdorp Residents' Organisation". So ook bestaan daar in Mohlakeng 'n jeugorganisasie bekend as die "Mohlakeng Students' Congress" (MOSCO). Hierdie organisasie word ook direk beheer en geadministreer deur die "Mohlakeng Civic Association" (MOCA

   Daar is ook direkte samewerking tussen "Mohlakeng Civic Association" (MOCA) en die "Krugersdorp Residents' Organi= sation" (KRO). So bestaan daar ook samewerking tussen die jeugorganisasies.

2/ ..............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

4. Sedert Desember 1985 het ek inligting bekom dat die organi= sasies "Krugersdorp Residents' Organisation" (KRO) en "Mohlakeng Civic Association" (MOCA), wat beide aan die UDF geaffilieer is, besig is om kampanjes te voer dat die S.A. Polisie en die S.A. Weermag uit dié gebiede moet onttrek, en is kampanjes gevoer teen die Raadslede met die doel om hulle te forseer om te bedank. Inligting het ook daarop gedui dat KRO en MOCA, asook die jeugorganisasies onder hul beheer betrokke was by die verbruikersboikot, en het lede van die jeugorganisasies lede van die publiek se kruideniers= ware vernietig. Hierdie persone wat lede van die publiek se kruideniersware vernietig, staan bekend as die "Marshalls" of "Comrades". So ook was hulle betrokke by die Greyhound-busboikot, en het die afdwing van die boikot geskied deur intimidasie met petrolbomme en sambokke deur die "Marshalls" of "Comrades". Daar is ook deur hierdie organisasies kam= panjes gevoer teen die Raadslede om te bedank, en is dit gedoen deur gebruik te maak van die afbrand van Raadslede se huise om hulle sodoende te dwing om te bedank.

5. Daar is ook gevind dat hierdie organisasies alternatiewe strukture geskep het soos deur die UDF beveel is in Bewys= stuk C.100, bladsy 2, naamlik -

> "Struggles of popular organisations must develop to the point where the state can no longer impose its undemocratic structures on oppressed communities in any area. Conversely, democratic organs of the people must start to replace these structures, as embryos of a future democratic people's South Africa".

So is gevind dat na aanleiding van die opdrag van UDF, hier= die organisasies in die gebiede die samewerking met die jeugorganisasies, alternatiewe strukture tot stand gebring het, en dat dit fisies gefunksioneer het. Hierdie alterna= tiewe strukture bestaan uit -

(a) ŉ Polisiemag;

(b) Departement van Justisie;

(c) Departement van Openbare Werke;

(d) Departement van Onderwys; en

(e) Gevangenisdiens.

3/ ............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

6. Van die funksies van die sogenaamde polisiemag, wat bestaan het uit lede van die jeugorganisasies in dié gebiede, is onder andere om "oortreders" wat in "kriminele"- of "siviele"-aangeleenthede betrokke is, te arresteer en voor die "People's Court" te bring vir verhoor. Lede van KRO en MOCA en die jeugorganisasies het as "aanklaers en landdroste" opgetree.

Persone wat skuldig bevind is aan die een of ander oortreding is tot 40 houe met 'n sambok toegedien. Van die sambokke be= staan uit staaldraad met 'n rubberomhulsel. Van die sambokke waarmee lyfstraf toegedien is, is die omhulsel stukkend en is die lyfstraf toegedien met die kaal draad. Ek beskik oor in= ligting dat 'n kind wat nie gehoor gegee het aan die Volkshof se opdrag nie, verder gestraf is deur die bekende "necklace"-metode. Inligting tot my beskikking dui daarop dat daar ook 'n "plek van aanhouding" bestaan het, wat beheer is deur die organisasies, en waar veroordeeldes aangehou is nadat hulle tot gevangenesetting deur die sogenaamde Volkshof gevonnis is.

7. Ek beskik oor inligting dat die organisasies die funksies van 'n Departement van Openbare Werke uitgevoer het, en is parke en woongebiede aangelê en vernoem na prominente ANC-leiersfigure.

8. Ook het ek gevind en beskik ek oor betroubare inligting dat die sogenaamde "People's Education" in die praktyk gefunksioneer het in dié gebiede. Ek beskik oor inligting dat Geskiedenis 'n uiters belangrike faset van die "People's Education" is en dat lede van die betrokke organisasies tydens vergaderings die geskiedenis van die sogenaamde "vryheidstryd", wat gebaseer is op die geskiedenis van die ANC en "Umkhonto we Sizwe", oorgedra het as die ware geskiedenis en dat bekende ANC-figure wat tans gevangenisstraf uitdien of wat in die buiteland is, as die ware leiers voorgehou word en dat die regering van die dag en sy leiers as "puppets" afgemaak word.

9. Ek beskik oor feite dat tydens die funksionering van die Volkshowe, die aanmelding van oortredings byvoorbeeld aanran= dings en ernstige aanrandings by die S.A. Polisie te Kagiso, met onderskeidelik 69% en 73% afgeneem het.

4/ .............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

10. Ek beskik oor feitlike inligting dat KRO en MOCA in opdrag van UDF areakomitees gestig het in dié gebiede, en dat hier= die organisasies dit openlik verkondig het dat hulle ver= teenwoordigers van die inwoners is.

11. So is daar in besit van 'n prominente lid van KRO, wat ook 'n prominente figuur in FEDSAW (Federation of South African Women) is 'n dokument gevind wat duidelik uiteensit die alter= natief wat beoog word onder "Liberated Zones". Die dokument word aangeheg.

12. Hierdie optredes van die betrokke organisasies het tot gevolg gehad dat verskeie arrestasies uitgevoer is ten einde wet en orde te handhaaf en te voorkom dat die veiligheid van die Staat verder in gevaar gestel word.

Ek is vertroud met die inhoud van bostaande verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie, en ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

So help my God.

KRUGERSDORP
1986.12.18

J.P. KLEYNHANS (KAPTEIN)

Ek sertifiseer dat bostaande verklaring deur my afgeneem is, en dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp.

Die verklaring is voor my beëdig en verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring te Krugersdorp op 1986.12.18 om 12h00.

J.C. COETZEE (MAJOOR)
VREDEREGTER:
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

JAN CAREL COETZEE
MAJOOR : S.A. POLISIE
KOMMISSARISSTRAAT 118
KRUGERSDORP.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

A1 F 31

JOHANNES ALBERTUS LUBBE

VERKLAAR ONDER EED :-

1.

Ek is 'n Kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie, verbonde aan die Veiligheidstak, Krugersdorp.

2.

Op die 18de Januarie 1986 het ek op sterkte van 'n lasbrief, uitgereik deur die Landdros, Krugersdorp, die St. Mary's Klooster, Kagiso 1 deursoek. Ek was persoonlik in beheer van die deursoeking. Onder andere is die volgende dokumente en goedere in die klooster gevind en wel soos teenoor elke item aangedui. Suster Bernard Ncube was ten alle tye persoonlik teenwoordig tydens die ondersoeking en toe die dokumente en voorwerpe gevind en beslag op gelê is.

3.

(1) 'n Groot hoeveelheid messe is in die kapel gevind. (Foto's van daardie messe word hierby aangeheg, Bylae 1).

(2) 'n Kaart met die opskrif "State Machinery - Ideological - Political Structure". Dit verwys na "Liberates zones" en "creation of new society". (Aangeheg Bylae 2).

(3) 'n Dokument getiteld "Method. See Judge and Act. Analasis of KRO" in pienk lêer wat in die hangkas in Suster Bernard se kamer gevind is. (Aangeheg Bylae 3).

2/............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

4.

Ek het vir Suster Bernard gevra aan wie die dokumente behoort. Sy het gesê dat die dokumente aan haar behoort. Ek het haar om 'n verduideliking gevra oor die sakmesse. Sy het gesê dat die messe aan die "boys" behoort. Ek het vir haar gevra of sy na die "Comrades" verwys. Sy het gesê "ja". Sy het gesê dat die "Comrades" die messe van die kriminele element in die woonbuurt afneem om misdaad en veral aanrandings te voorkom. Sy het gesê dat die messe vanaf die kriminele element hoofsaaklik in die strate, by die biersale en by die shebeens afgeneem is.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die eed as bindend op my gewete.

J.A. LUBBE KAPTEIN

3/.......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.


Ek sertifiseer dat bostaande verklaring deur my afgeneem is en dat die verklaarder erken dat hy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is voor my beëdig en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring te Krugersdorp op 1986-03-25 om 13h00.

LUITENANT

VREDEREGTER
J.T. MOSTERT

JAMES TIMOTHEUS MOSTERT
KOMMISSARISSTRAAT 118
KRUGERSDORP
LUITENANT : S.A. POLISIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.




0127
F1
3/4
018.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

0129 F3 316

Method: See Judge and Act.

~~Analysis of KRC~~

'Without a revolutionary theory there can be no revolu

1. Socially
2. Economically (Labour)
3. Politically
4. Youth (Education)
5. Religion -
6. Sport
7. Entertainment
8. Culturally
9. Legality
10. Conciousness

1.(i) SOCIAL ↓ see ↓ see ↓

(a) There is no social infrastructure among activists in KRO (only meet at meetings)

(b) no social interreaction between the other close contacts, friends, family of ~~other~~ Indivi KRO activists eg. If ~~two~~ four KRO activists each has ten (10) friends then ~~all~~ each c the activists should have 40 ~~friends~~, that he socially inter-react with. The ideas a books that are held by the four should circulate ~~between~~ ~~four~~ 44 people and th organisations ideas spread exponentially from there on.

(c) No sharing of problems, ~~food~~ food (Co-operative) burials (through some form of Society or Club),

(d) There is no outings (~~trips~~ social trips eg UDF rally, or festival, progressive plays or fil (and visits to the protectorates)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

(ii) (Judge) WHY? (a) It is because of bad ways (attitud and behaviour) Actions (negative social actions of some activists, womanising, excessive drunkenness, etc) Negative Gener: statements and mouthings (selfishness) bad Company, and bad Habits.

(b) It is because some people (activists) are not wholly revolutionary, are opportunists who are in the struggle for what they can get o of it eg. information (to be passed over to the enemy) popularity that the individual gains, and material gains. That is why th don't try to concientise those close to th

(c) In sharing is the whole idea of our strug we want to share the wealth of the country equally. This is what we wan to teach the people. Therefore we must start by being able to share. It is not because some of the activists are not tru social democrats, they have hidden agendas. th they don't want to expose.

(d) It is because we don't seem to be concerne about education of the masses, we we to take advantage of spontenuity without sowing the seeds, so the struggle can be a class-conscious struggle. Now that things are happening in Vaal, East Rand, Eastern Ca and other places we feel left out and without proper planning we want to jump o the wagon.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

(ii) ACT: We need to build a community of activists. That can be done by

(a) Having a central committee that will reflect on the state of the organisations all the time and plan

1)Bakhanyise ngamakhandlela nge-16-26 Dec
2)Ebhophe amalaphu amnyama engalweni yasekunene kulo lonke eli xesha, lonto izakube ibonisa umanyano, ukuhambisana nomzabalazo kunye nokuzimikela kwethu kumzabalazo wenkululeko.
3)Oonoshibini b wakuthi beqalise ukuthengisa ngentsimbi yesixhenxe kusasa, baze bavale ngentsimbi yesithoba ebusuku.
4)Abantu bethobe isantya sokusela, bangagxadazeli ezitalatweni.
5)Abantwana bangazinxibi iimpahla ezintsha ngomhla weKrisimusi.
6)Akusayi kubakho potsoyi(Party) noshowu kulo lonke eli xesha.
7)Nakowuphina umdlalo kwabe bhola, kuyacelwa ukuba bekho bezole phambi kokuba badlale.
8)Abantu banga hlali baselele ezishibhini, umntu athenge into yakhe aye emdlini

Sicela bonke abantu bethu balusabele olu bizo balumike eyona ndima ngalo lonke ixesha. Sithi uRhulumente wogcdwana makaphelise lonoko yomxunguphalo, akhulule iinkokheli zabantu eziffana noMandela nezinye ezivaleleweyo. Sithi mawuvulwe umbono wombutho wabantu iKongolo(ANC)nezinye imibutho e valwe umlono. Sithi uRhulumente maka vule izikolo zabantu.

SIYAQWALASELA UKUBA.

1)Ngama waka-waka abantu abavaleleweyo ukusukela ku January kulo.
2)Baninzi abantu abe bulewe etilongweni.
3)Ngama waka-waka abafundi abavinjwe imfundo ngokuvalelwa amagumbi okufunda ngu Rhulumente ongakhathaliyo.
4)Zizigidi zabantu ezingengenisebenzi, kwaye amajoni aphakathi kwiilokishi zethu nase zikolweni zethu.

### AMAVIJILANI(VIGILANTES)

Siya kholelwa kwinto yokuba amapolisa kamasipala okanye amavijilane okanye mashaka akasiso isisombululo kulo ngxuba-kaxaka ikhona eMzantsi Afrika, masihlasele ngako konke esinako, ngako konke esinako esinokubeka izandla zethu kulo siloyise utshaba.

MAYIHLOME)KINAKO IHLOMILE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

N19 vertaling

5'7

I N L E I D I N G:

Ons groet u in die naam van mense wat in die stryd van vrylating en verandering betrokke is in Suid-Afrika.

Ons praat met u nou dat die Regering van Botha en Malan homself in die modder en moeilikheid bevind waar hy homself laat beland het.

Ons praat ook met u gedurende hierdie moeilike tye wanneer daar meer as agthonderd kinders wat hierdie Kerstyd in die selle sal deurbring. Wanneer leiers soos Mandela meer as vier-en-twintig jaar in die gevangenis deurgebring het as gevolg van die Apart= heidsregering.

Op die 16de Desember herdenk ons ook ons helde wat ons verlaat het of wat in die vryheidstryd geval het.

Ook op die 16de Desember maak die spies van die volk vyf-en-twintig jaar klaar van gewapende stryd.

CHRISTMAS AGAINST EMERGENCY

Dit is juis as gevolg van die redes genoem in die inleiding dat ons 'n oproep op ons mense doen om dié dae vanaf 16 - 26 met respek deur te bring. Ons vra ons mense om respek te betoon aan ons leiers wat binne en buite Suid-Afrika is, en ook respek te betoon aan almal wat in die stryd geval het. Ons vra ons mense om hulself vir die stryd te beywer en dié wat moed verloor het te versterk asook dié wat hoop verloor het nuwe hoop te gee.

ONS VRA AL DIE MENSE OM -

1. gebruik te maak van kerse vanaf 16 - 26 Desember;
2. om swart lappe aan hul regterarms te dra gedurende hierdie tydperk as bewys van hul ywerigheid, solidariteit en eens= gesindheid met die stryd;
3. ons drankhuise (shebeens) om vanaf 7h00 te open en om 7 uur namiddag toe te maak;

2/ ..........

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

4. om minder te drink en nie in die strate te slinger nie;
5. vir kinders om nie nuwe klere op Kersdag aan te trek nie;
6. daar moet geen partye en vertonings wees in hierdie tyd nie;
7. in elke sokkerwedstryd word gevra dat respek betoon word voor die begin van elke wedstryd;
8. mense moet nie in shebeens sit en drink nie, hulle moet hul drank in hul huise gaan geniet.

Ons vra ons mense om gehoor te gee aan hierdie oproep.

Ons sê die geweldddadige regering moet die noodtoestand beëindig, en die mense se leiers soos Mandela vrylaat, asook andere wat in hegtenis is. Ons sê die Kongres se mond moet oopgemaak word en ander organisasies wat in die ban gedoen is. Die Regering moet die mense se skole open.

Ons merk dat -

(a) duisende mense is vanaf Januarie vanjaar toegesluit;

(b) baie mense is in die gevangenis gedood;

(c) duisende studente word weggehou van opleiding omdat die Regering wat nie omgee nie, skole gesluit het;

(d) duisende mense is werkloos, ons woonbuurte en skole is vol soldate.

<u>DIE "VIGILANTE"</u>

Ons glo dat Vigilante of munisipale polisie nie die oplossing is vir die bestaande moeilikheid in Suid-Afrika nie. Laat ons al ons mag gebruik en alles waarop ons hande kan oplê en wen.

Laat hy gewapen word, dis tyd, hy is gewapen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

0 519

FREDERICK PHILLIPUS RUDOLPH BOTHA :

KAPTEIN IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE,
GESTASIONEER TE VEILIGHEIDSHOOFKANTOOR:

VERKLAAR ONDER EED -

1.

Dat die verklaring wat ek nou gaan aflê na my beste wete en oortuiging waar is, en dat ek dit aflê met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word, ek vervolg kan word indien ek daarin opsetlik iets verklaar wat ek nie glo waar is nie.

2.

Uit die aard van my pligte en werksaamhede het ek toegang tot en insae in dokumentasie wat van tyd tot tyd ontvang word van beriggewers.

3.

Op 1984.11.08 ontvang ek 'n dokument getiteld "Federation of South African Trade Unions, 30 World Centre, Railways Street, Germiston. Meeting between the COSAS, UDF Re - 27 October 1984 in Khotso House, Johannesburg".

Hierdie dokument het ek op 1987.01.30 aan Majoor P.E.J. Kruger oorhandig.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie en ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.
So help my God.

30 JANUARIE 1987

F.P.R. BOTHA KAPTEIN

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring op hede die 30ste dag van Janu=arie 1987.

P.E.J. KRUGER MAJOOR

PIETER ERNST JOHANNES KRUGER
MAJOOR - S.A. POLISIE
KOMMISSARISSTRAAT
KRUGERSDORP

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

SAREL JACOBUS COETZER - Witman, 64 jaar.
Woonagtig te: MALITA-woonstelle 26, Delmas.

VERKLAAR IN AFRIKAANS ONDER EED -

1. Ek is by die Delmas landdroskantoor werksaam as opsigter en my werk behels onder andere die toesighou betreffende die skoonmaak van die hof se selle.

2. Op 19 November 1986 om 16h15 het ek toesig gehou tydens die skoonmaak van die sel wat gebruik word wanneer die Rond=gaande Hof te Delmas in sitting is. Die betrokke dag het die Hof reeds verdaag en het die beskuldigdes, P.M. BALEKA en 21 ander reeds vertrek na Modder Bee gevangenis. Genoemde beskuldigdes staan tereg op 'n aanklag van Hoogverraad.

3. Op 'n bank in die middel van die sel, het ek die volgende twee plakkate, wat opgerol was, aangetref :-

"DECEMBER 16 TO 26 XMAS AGAINST THE EMERGENCY!
NO XMAS FOR 1000's OF CHILDREN" (MET TEKENING VAN MENS=FIGURE AGTER TRALIES) EN 'N GEBALDE VUIS WAAROP DIE VOLGENDE OP DIE VINGERS VOORKOM :- NECC, SACC, UDF EN COSATU MET EMBLEME BOKANT ELKE AFKORTING EN ONDERAAN DIE VOLGENDE, "CAMPAIGN FOR NATIONAL UNITED ACTION", ISSUED BY UDF, 42 DE VILLIERS ST., JOHANNESBURG."
MASS FOR DETAINEES", MET DIE VOLGENDE NAME OP ETIKETTE AAN TRALIES AANGEHEG, AMOS MASONDO, THUSO MOROBI, TOM WASPE, FR. HORTOP, SR. CHRISTINE, TLAKI MOFOKENG, MANDLA MAZIBUKO, SR. BERNARD NCUBE, LAWRENCE NTLOKOA, ROSE GREALY EN LITAU LITAU. "I WAS IN PRISON AND YOU CAME TO SEE ME". MATT. 25.36 - CELEBRANT - BISHOP REGINALD ORSMOND CHRIST THE KING CATHEDRAL SUNDAY 30TH NOVEMBER - 3.15 P.M. CATHOLIC DIOCESE OF JOHANNESBURG, 3 SARATOGA AVE., BEREA. 2198".

2/ ..............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

4. Gedurende die oggend van 20 November 1986 het ek die aange= leentheid aan lede van die Veiligheidspolisie gerapporteer wie beslag gelê het op die plakkate.

Ek is vertroud met die inhoud van bostaande verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die eed as bindend vir my gewete.

(GETEKEN) S.J. COETZER.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken het dat hy die inhoud van hierdie verklaring verstaan en dit begryp. Hierdie verkla= ring is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring op hede die 10de dag van Desember 1986 om 10h00 te Delmas.

(GETEKEN) A.F. VAN NIEKERK S/A/O 37560 P.
KOMMISSARIS VAN EDE: REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

ANDRIES FRANCOIS VAN NIEKERK,
SPEURDER ADJUDANT-OFFISIER,
SUID-AFRIKAANSE POLISIE,
NONGQAI-GEBOU,
VYFDESTRAAT,
SPRINGS.

AF v Niekerk. A/O. 37560 P.

GESERTIFISEER 'N WARE AFSKRIF VAN DIE
OORSPRONKLIKE.
CERTIFIED A TRUE COPY OF THE ORIGINAL.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Q 525

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Transvaalse Provinsiale Afdeling)

In die saak van -

PATRICK MABUYA BALEKA EN ANDER — Applikante

en

DIE STAAT — Respondent

---

RESPONDENT SE BEANTWOORDENDE BEËDIGDE VERKLARING

---

Ek, die ondergetekende,

DONALD BERESFORD BRUNETTE

verklaar onder eed :

1. Ek is die Prokureur-generaal van Transvaal, en wat as sodanig vervolg namens die Staat in die saak teen die Applikante op die aanklagte soos in die Akte van Beskuldiging uiteengesit.

2. Die feite van hierdie verklaring val binne my persoonlike kennis.

3. Ek het die vervolging van die Applikante in die Hooggeregshof op die aanklagte soos in die Akte van Beskuldiging uiteengesit is, ingevolge artikel 64 van Wet 74 van 1982 gelas.

4. Ek het insae gehad in, en die verklarings en aansoek van Applikante bestudeer.

5. Verder het ek insae gehad in, en die verklarings aangeheg by die Staat (Respondent) se stukke, bestudeer.

6. Ook het ek insae gehad in beëdigde verklarings en ander dokumente en inligting wat deur die Polisie aan my voorgelê was. Hierdie stukke het ek ook bestudeer.

2/ ...........

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

7. Na my oordeel kan geen van die stukke in par. 6 supra vermeld openbaar word, omdat dit na my oordeel die veiligheid van die Staat, die handhawing van wet en orde, die polisie-metodes wat aangewend was om die inligting te bekom en ook die lewens van verskeie beriggewers in gevaar sal stel.

8. Na sorgvuldige bestudering van die stukke van die Applikante en Respondent, soos by hierdie Agbare Hof ingehandig, sowel as die inligting in par. 6 supra vervat, is ek van oordeel dat die vrylating van die Applikante in hierdie aansoek op borgtog die veiligheid van die Staat en die handhawing van wet en orde in die Republiek van Suid-Afrika in gevaar sal stel en die regspleging sal benadeel.

9. Na my kennis ~~en~~ wete is die Applikante M.G.P. Lekota, S.P. Molefe en M. Chikane steeds deel van die UDF se Bestuur en Amptenary en het hulle nog nie uit hul poste bedank nie.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflegging van die eed nie.

Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

Ek sweer dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God.

D.B. Brunette S C
PROKUREUR-GENERAAL: TRANSVAAL.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van bostaande verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring, op hede hierdie 6de dag van FEBRUARIE 1987 om 9h00 te PRETORIA.

B.J. Banister-Jones
HOOFKLERK VAN DIE PROKUREUR-GENERAAL.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

R 527

0339

**Daniel Beltsasar ERASMUS**

VERKLAAR

Dat die verklaring is waar na die beste van my wete en oortuiging. Ek is bewus daarvan dat indien dit as getuienis gebruik word en daar kom iets in voor wat ek weet vals is of nie glo die waarheid is nie, ek vervolg kan word.

Ek is Nr. W69837N 'n Luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie en verbonde aan die Veiligheidstak, Vereeniging.

Ek is die ondersoekbeampte van Vanderbijlpark MR. 152/10/85 waarin Swart man Tsietsi Elias MOKHELE @ Stompie MOKHELE die beskuldigde is.

Die aanklag teen MOKHELE is soos uiteengesit in die akte van beskuldiging Art. 54(1)(a)(ii) gelees met artikels 54(6), 54(7), 54(8), 67, 68, 69(1), 65(5), 69(7), 69(8) en Bylae 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet nr. 74 van 1982 - Terrorisme, hierby aangeheg.

Die beskuldigde was die voorsitter van die Bophelong Youth Congress en 'n lid van die Vaal Civic Association in Sebokeng. Die Bophelong Youth Congress was ook geaffilieer by die Vaal Civic Association.

Op 1986.04.15 is die saak uitgestel tot 1986.07.28 en is die beskuldigde vrygelaat op borg ten bedrae van R3,000.00 en borgvoorwaardes dat hy daagliks by die S.A. Polisie, Vanderbijlpark, moet rapporteer tussen 08h00 en 10h00. Op 1986.06.11 het die beskuldigde versuim om te rapporteer en verdwyn vanaf sy ouerhuis. Die beskuldigde het nooit weer gerapporteer nie en het ook nie op 1986.07.28 by die hof opgedaag nie. Die beskuldigde se borg is verbeurd verklaar en 'n lasbrief vir sy arrestasie is uitgereik.

Inligting is ontvang dat die beskuldigde na die buiteland uitgewyk het en 'n lid van die African National Congress (A.N.C.) is. Die beskuldigde se twee susters en jonger broer het gedurende Februarie 1985 die R.S.A. verlaat en aansoek gedoen om politieke asiel in Lesotho en daarna aangesluit by die A.N.C. Gedurende Augustus 1985 het die beskuldigde se ouers kennis ontvang dat hul een dogter in Tanzanië oorlede is. Die oorsake van haar dood is nie gemeld nie.

Inligting ontvang lui dat die beskuldigde se broer en suster militêre opleiding ontvang het.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en verstaan dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die eed as bindend vir my gewete.

SEBOKENG
1987.02.05

............................................ NR.W69837N LUIT.

D.B. ERASMUS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

0340

IN DIE STREEKAFDELING VAN NOORD-TRANSVAAL
GEHOU TE PRETORIA

IN DIE SAAK VAN :

DIE STAAT

teen

TSIETSI ELIAS STOMPIE MOKHELE

van Vilakazistraat 888, Bophelong, Vanderbijlpark,
'n Swart man van 21 jaar en 'n Suid-Afrikaanse burger
(hierna die Beskuldigde genoem)

NADEMAAL te alle tersaaklike tye, in die Republiek van Suid-Afrika (hierna verwys na as die Republiek) en/of elders daar 'n organisasie en/of vereniging en/of groep persone bestaan, bekend as die "African National Congress" (hierna verwys na as die ANC);

EN NADEMAAL die ANC 'n onwettige organisasie is weens die afkondiging van Proklamasie Nr. 119 van 1960, gedateer 8 April 1960, en soos gewysig deur artikel 22(1) van Wet Nr. 93 van 1963 en van Proklamasie Nrs. 93 en 94 van 1963, gedateer 10 Mei 1963;

EN NADEMAAL die oogmerke van die ANC was en is die wederregtelike omverwerping en/of ingevaarstelling van die staatsgesag in die Republiek deur geweld en/of dreigemente van geweld en/of op ander wyses wat die gebruik van geweld insluit of beoog;

EN NADEMAAL in die uitvoering van die bovermelde oogmerke deur 'n sameswering tussen lede van die genoemde ANC en/of die genoemde beskuldigde en/of ander persone onbekend aan die Staat, wat optree of voorgee op te tree in die naam van die voormelde organisasie en/of vereniging en/of groepe persone (hierna gesamentlik en afsonderlik na verwys as die samesweerders) was om die hierbo vermelde oogmerke te bereik;

2/ EN NADEMAAL ....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

EN NADEMAAL te alle tersaaklike tye die genoemde beskuldigde 'n lid en/of 'n aktiewe ondersteuner van die genoemde ANC was en homself vereenselwig het met die genoemde ANC en die oog= merke en aktiwiteite van die genoemde ANC bevorder het of gepoog het om dit te bevorder;

EN NADEMAAL te alle tersaaklike tye die genoemde beskuldigde 'n lid of aktiewe ondersteuner van die genoemde sameswering was;

EN NADEMAAL die genoemde samesweerders sowel in die Republiek as elders optree;

EN NADEMAAL in die uitvoering en/of bevordering van die voor= melde oogmerke van die sameswering, die samesweerders gesament= lik en/of afsonderlik die volgende dade en/of handelinge verrig het of gepoog het om dit te doen –

(1) die werwing van persone in die Republiek of elders om die gemelde ANC te ondersteun of daarby aan te sluit;

(2) die werwing van persone, of nadat hy self gewerf was, in die Republiek of elders, om deur die genoemde ANC of deur bemiddeling van die genoemde ANC militêre opleiding en/ of opleiding in oorlogvoering, sabotasie en ondermyning ~~en~~ en/of opleiding wat van nut sou kon wees vir 'n persoon wat die ingevaarstel= ling van die handhawing van wet en orde, hetsy in die Republiek of elders te ondergaan;

DERHALWE is die beskuldigde skuldig aan die volgende misdade –

<u>AANKLAG 1</u>:

'n Oortreding van artikel 54(1)(a)(ii) gelees met artikels 54(6), 54(7), 54(8), 67, 68, 69(1), 69(5), 69(7), 69(8) en Bylae 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet Nr. 74 van 1982 – Terrorisme.

3/ (a) ............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

(a) ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

'n Oortreding van artikel 54(1)(b)(ii) gelees met artikels 54(6), 54(7), 54(8), 67, 68, 69(1), 69(5), 69(7), 69(8) en Bylae 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet Nr. 74 van 1982 - Terrorisme.

(b) VERDER ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

'n Oortreding van artikel 54(1)(a)(iii) gelees met artikels 54(6), 54(7), 54(8), 67, 68, 69(1), 69(5), 69(7), 69(8) en Bylae 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet Nr. 74 van 1982 - Sameswering tot Terrorisme.

(c) VERDER ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

'n Oortreding van artikel 54(1)(b)(iii) gelees met artikels 54(6), 54(7) 54(8), 67, 68, 69(1), 69(5), 69(7), 69(8) en Bylae 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet Nr. 74 van 1982 - Sameswering tot Terrorisme.

(d) VERDER ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

'n Oortreding van artikel 54(1)(a)(iv) gelees met artikels 54(6), 54(7), 54(8), 67, 68, 69(1), 69(5), 69(7), 69(8) en Bylae 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet Nr. 74 van 1982 - Uitlokking tot Terrorisme.

(e) VERDER ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

'n Oortreding van artikel 54(1)(b)(iv) gelees met artikels 54(6), 54(7), 54(8), 67, 68, 69(1), 69(5), 69(7), 69(8) en Bylae 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet Nr. 74 van 1982 - Uitlokking tot Terrorisme.

4/ AANKLAG 2 .......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

AANKLAG 2:

'n Oortreding van artikel 13(1)(a)(i) gelees met artikels 1, 56(1)(a), 67, 68, 69 en Bylae 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet Nr. 74 van 1982 - Lid van 'n Onwettige Orga= nisasie.

ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 2:

'n Oortreding van artikel 13(1)(a)(iv) gelees met artikels 1, 56(1)(a), 67, 68, 69 en Bylae 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet Nr. 74 van 1982 - Hulpverlening aan 'n Onwettige Organisasie.

AANKLAG 1:

Deurdat op of omtrent of gedurende die periode en te of naby die plekke vermeld in Bylae A hiertoe, die beskuldigde weder= regtelik en met die opset om die staatsgesag in die Republiek omver te werp of in gevaar te stel, die dade vermeld in die aanhef en in Bylae A hiertoe gepleeg het of gepoog het om dit te doen.

(a) ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

Deurdat op of omtrent of gedurende die periode en te of naby die plekke vermeld in Bylae A hiertoe, die beskuldigde wederregtelik en met die opset om 'n staatkundige, politieke, indus= triële, maatskaplike en/of ekonomiese oogmerk of verandering in die Republiek te bereik, teweeg te bring en/of te bevorder, die handelinge vermeld in die aanhef en in Bylae A hiertoe ver= rig het, wat daarop gerig was om 'n daad of drei= gement van geweld te veroorsaak, te bewerkstellig, te bevorder en/of daartoe by te dra, of gepoog het om so 'n handeling te verrig.

5/ (b) ...........

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

(b) ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

Deurdat op of omtrent of gedurende die periode en te of naby die plekke vermeld in Bylae A hiertoe, die beskuldigde wederregtelik en met die opset om die staatsgesag in die Republiek omver te werp of in gevaar te stel, saamgesweer het met die same=sweerders waarna in die aanhef tot hierdie klag=staat verwys is, om die dade, handelinge of pogings daartoe en soos vermeld in die aanhef en in Bylae A hiertoe te pleeg.

(c) ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

Deurdat op of omtrent of gedurende die periode en te of naby die plekke vermeld in Bylae A hiertoe, die beskuldigde wederregtelik en met die opset om 'n staatkundige, politieke, industriële, maatskap=like en/of ekonomiese oogmerk of verandering in die Republiek te bereik, teweeg te bring en/of te bevorder, die handelinge vermeld in die aanhef en in Bylae A hiertoe verrig het, wat daarop gerig was om 'n daad of dreigement van geweld te veroor=saak, te bewerkstellig, te bevorder en/of daartoe by te dra, of gepoog het om so 'n handeling te ver=rig.

(d) ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

Deurdat op of omtrent of gedurende die periode en te of naby die plekke vermeld in Bylae A hiertoe, die beskuldigde wederregtelik en met die opset om die staatsgesag in die Republiek omver te werp of in gevaar te stel, ander persone uitgelok, hulp verleen, aangeraai, aangemoedig of verkry het om die dade, handelinge of pogings daartoe en soos vermeld in die aanhef hiertoe te pleeg.

6/ (e) ............

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

(e) ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 1:

Deurdat op of omtrent of gedurende die periode en te of naby die plekke vermeld in Bylae A hiertoe, die beskuldigde wederregtelik en met die opset om 'n staatkundige, politieke, indus= triële, maatskaplike en/of ekonomiese oogmerk of verandering in die Republiek te bereik, te= weeg te bring en/of te bevorder, ander persone uitgelok, hulp verleen, aangeraai, aangemoedig of verkry het om die handelinge vermeld in die aanhef hiertoe te verrig, wat daarop gerig was om 'n daad of dreigement van geweld te veroor= saak, te bewerkstellig, te bevorder en/of daar= toe by te dra, of gepoog het om so 'n handeling te verrig.

AANKLAG 2:

Deurdat op of omtrent of gedurende die periode en te of naby die plekke vermeld in Bylae A hiertoe, die beskuldigde weder= regtelik 'n lid, beampte en/of ampsdraer van 'n onwettige organi= sasie, te wete die ANC, geword het en/of die handelinge vermeld in Bylae A hiertoe in daardie hoedanigheid verrig het.

ALTERNATIEWELIK TOT AANKLAG 2:

Deurdat op of omtrent of gedurende die periode en te of naby die plekke vermeld in Bylae A hiertoe, die beskul= digde wederregtelik en op die wyse vermeld in die aanhef en in Bylae A hiertoe aan die bedrywighede van 'n onwet= tige organisasie, te wete die ANC, deelgeneem het, en/of bedrywighede waarmee die vermelde onwettige organisasie hom op die genoemde datums of gedurende die genoemde periode besig gehou of besig kon gehou het, direk of indirek ten voordele van die vermelde onwettige organi= sasie, voortgesit het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

534

0346

BYLAE "A"

DIE STAAT teen TSIETSI ELIAS STOMPIE MOKHELE

1. Op 'n datum en plek aan die Staat onbekend het die beskuldigde 'n lid of aktiewe ondersteuner van die ANC geword, en het te alle tersaaklike tye 'n lid of aktiewe ondersteuner van hier=die onwettige organisasie gebly.

2. Op 'n datum en 'n plek aan die Staat onbekend het die beskuldigde 'n werwer vir die ANC geword.

3. Dit is aan die Staat onbekend waar presies en presies wanneer die beskuldigde werwing van persone soos beskryf in die aanhef hiertoe gedoen het, en wie presies hy sodanig gewerf het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

IN DIE STREEKAFDELING VAN NOORD-TRANSVAAL
GEHOU TE PRETORIA

IN DIE SAAK VAN :

DIE STAAT

teen

TSIETSI ELIAS STOMPIE MOKHELE

MAGTIGING KRAGTENS ARTIKEL 64 VAN WET NR. 74 VAN 1982

KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN artikel 64 van Wet Nr. 74 van 1982 magtig ek, DONALD BERESFORD BRUNETTE, Prokureur-generaal vir die provinsie Transvaal, hiermee die instelling van 'n vervol= ging teen die bovermelde persoon vir die misdrywe kragtens die reedsvermelde Wet soos uiteengesit in die aangehegte klagstaat.

ONDERTEKEN te PRETORIA op die 13de dag van JANUARIE 1986.

D.B. Brunette S C
PROKUREUR-GENERAAL:
TRANSVAAL

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

S 536

PIETER ERNST JOHANNES KRUGER

MAJOOR IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE EN VERBONDE
AAN DIE VEILIGHEIDSTAK :

VERKLAAR ONDER EED -

1.

Dat die verklaring wat ek nou aflê na my beste wete en oortuiging waar is en dat ek dit aflê met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word, ek vervolg kan word indien ek daarin opsetlik iets verklaar wat ek weet vals is of wat ek nie glo waar is nie.

2.

Die feite soos uiteengesit in paragraaf 3 van my eedsverklaring gedateer 1985.10.09 soos aangeheg, bly dieselfde en beskik ek oor geen inligting dat die plan laat vaar is nie.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die eed nie, en beskou die eed as bindend op my gewete.

So help my God.

DELMAS
1987.02.05

P.E.J. KRUGER MAJOOR

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring op hede die 5de dag van FEBRU=ARIE 1987.

C.J. BEZUIDENHOUT A/O

CORNELIS JOHANNES BEZUIDENHOUT
ADJUDANT-OFFISIER
SUID-AFRIKAANSE POLISIE
KOMMISSARISSTRAAT
KRUGERSDORP.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

0349

S 1 p 537

29

49

Pieter Ernst Johannes Kruger
Kaptein in die S.A. Polisie, gestasioneer te Krugersdorp

(1)

Verklaar onder eed:

Ek verklaar dat die verklaring wat ek nou maak waar is na die beste van my wete, en ek maak dit ook met die besef dat indien ek daarin iets verklaar wat onwaar is, en dit in getuienis gebruik word ek vervolg kan word.

(2)

Ek is die ondersoekbeampte in die saak.
Ek beskik oor uiters sensitiewe en delikate inligting wat ek van beriggewers ontvang het, en wat ek aan die Prokureur-generaal van Transvaal oorgedra het, en wat ek nie kan en mag openbaar nie en ook ter beskerming van my beriggewers wat sekerlik vermoor sal word.

(3)

Wat ek wel kan verklaar ten opsigte van die inligting is dat:

(a) Dit 'n ANC plan behels om die beskuldigdes sodra hulle vrygelaat sou word op borgtog, te help om die RSA te verlaat en by die ANC aan te meld.

(b) Dat van die beskuldigdes veilige plekke met wapens afkomstig van die ANC bewapen het.

(c) Dat die ANC, aan lede van die sameswering in die buurstate opleiding verskaf hoe om die massas in die RSA te organiseer en te politiseer.

(d) Dat die ANC direkte opdragte gee hoe om "day to day issues" te gebruik om die massas tot oproer op te sweep.

(e)/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

538
30
50

(e) Dat die ANC opdrag gegee het dat die Vaal Civic Association en jeugorganisasies, herstruktueer moet word.

(f) Dat die ANC finansiële hulp aan UDF geaffilieerde organisasies in die Vaal Driekhoek gee.

(g) Dat sekere leiersfigure van die V.C.A, en jeugorganisasie wat aan UDF geaffilieer is, en direk betrokke is by die bewerings in die Akte van beskuldiging, reeds die RSA onwettig verlaat het en tans aktief by die ANC betrokke is.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie en
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

So help my God.

P.E.J. Kruger / Kaptein

[illegible]

SERSANT

[illegible]

T 39

0351

FREDERICK PHILLIPUS RUDOLPH BOTHA

KAPTEIN IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE GESTASIONEER TE VEILIGHEIDSHOOFKANTOOR, PRETORIA, VERKLAAR:

1

Dat die verklaring wat ek nou ~~gaan~~ aflê na my beste wete en oortuiging waar is, en dat ek dit aflê met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word, ek vervolg sal word indien ek daarin opsetlik iets verklaar wat ek nie glo waar is nie.

2

Aanvullend tot my eedsverklaring gedateer 1987-01-27 die volgende:
Die persoon Lucille MEYER na wie verwys word in die eedsverklaring van D SWARTZ is op 27 Januarie 1987 deur die Ciskei Polisie arresteer in die saak Mzikwakhe Nelson NDLELA wat aangekla word van Terrorisme.

3

Uit haar eie verklaring wat sy na arrestasie afgelê het blyk dit dat sy sedert middel September 1986 in die huis van Eerw STOFILE te Alice, Rep Ciskei skuil, uit vrees vir optrede ingevolge die veiligheidsregulasies in die RSA.

Dat sy kort na haar aankoms in Ciskei deur Eerw STOFILE aan NDLELA voorgestel is en dat laasgenoemde haar op sewe (7) GELEENTHEDE onderrig het in die hantering van die Makarov pistool, AK47 geweer en mini-kleefmyn totdat sy die wapens perfek kon hanteer. NDLELA haar ook verder etlike skote met die Makarov pistool net buite Healdtown Ciskei laat skiet het.

4

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.
So help my God.

PRETORIA
1987-02-02

KAPTEIN
F P R BOTHA
SUID-AFRIKAANSE POLISIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring op hede die 2de dag van Februarie 1987 om 16h00 te Pretoria.

KAPTEIN
G J MYNHARDT
VREDEREGTER:
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

G J MYNHARDT
KAPTEIN : SA POLISIE
WACHTHUIS
SCHOEMANSTRAAT
PRETORIA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Ek, ABIE ABRAM MAHLANGU, verklaar onder eed in Afrikaans:

1. Ek is 'n Inspekteur van Tolke verbonde aan Departement Justisie en het 23 jaar ondervinding as hoftolk.
2. Ek is die tale Xhosa, Zoeloe en Suid Sotho magtig en kan dit vlot praat en lees.
3. Die aangehegte stukke is deur my op 6/2/1987 vertaal.
4. Die vertalings is na die beste van my vermoë korrek gedoen vanaf die tale Xhosa, Zoeloe en Suid Sotho na Afrikaans.
5. Ek verstaan en begryp die inhoud van hierdie verklaring en het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie. Ek beskou die eed as bindend vir my gewete.

.........................
A A MAHLANGU

DELMAS
1987.02.06

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken het dat hy die inhoud van hierdie verklaring verstaan en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig en geteken voor my

......................... 37560P
A F VAN NIEKERK
KOMMISSARIS VAN EDE

Republiek van Suid-Afrika
ANDRIES FRANCOIS VAN NIEKERK
S A POLISIE, NONGQAI-GEBOU, 5de STRAAT, SPRINGS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Transvaalse Provinsiale Afdeling)

In die saak van -

PATRICK MABUYA BALEKA EN ANDERE — Applikante

en

DIE STAAT — Respondent

---

RESPONDENT SE AANVULLENDE VERKLARINGS

---

NEEM KENNIS dat Respondent op die aanvullende beëdigde verklarings soos hieronder uiteengesit steun ter opponering van Applikante se aansoek om borgtog:

1. Kapt F.P.R. Botha - Aanhangsel V.
2. Kapt J.F. Conradie - Aanhangsel W.
3. S/A/O T.J. Hough - Aanhangsel X.
4. Kapt J.J.H. van Jaarsveld - Aanhangsel Y.
5. Mnr E.H.K. Matthysen - Aanhangsel Z.
6. Kapt G.J. Mynhardt - Aanhangsel AA.
7. Lt C.L. Prinsloo - Aanhangsel AB.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

NEEM VERDER KENNIS dat Respondent op die dag wanneer die aansoek aangehoor word, sal aansoek doen dat die aansoek geskrap word omdat applikante nie daarin geslaag het om enige nuwe gronde waarop hierdie aansoek gebring kan word, aan te toon nie.

Geteken te Pretoria hierdie dag van ...... Junie 1987.

P.H.H. FICK
ADVOKAAT VAN RESPONDENT

AAN: ADV G. BIZOS, S.C.
LANDDROSHOF, DELMAS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Frederick Phillipus Rudolph Botha, 'n Kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie, Veiligheidstak Hoofkantoor Pretoria verklaar aanvullend tot my vorige eedsverklarings onder eed

1.

Dat die verklaring wat ek nou gaan aflê na my beste wete en oortuiging waar is en dat ek dit aflê met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word, ek vervolg sal word indien ek opsetlik iets daarin verklaar wat ek nie glo waar is nie.

2.

Op 1987-06-17 het ek insae gehad in verskeie beëdigde verklarings deur die volgende persone of waarin daar van die volgende persone melding gemaak word en gee ek 'n verduideliking na die name aangedui.

<u>Benedicta MONAMA</u>

Word volstaan met die inligting soos vervat in my eedsverklaring (Aanhangsel B tot die respondent se stukke) en word daar verder tot die eedsverklaring gemeld dat daar na heroorweging deur hoër gesag besluit is om nie wetlike optrede te neem nie, ten einde beriggewers te beskerm.

<u>Deacon MATHE</u>

Word volstaan met die inligting soos vervat in my eedsverklaring (Aanhangsel B) en is die inligting soos vervat in MATHE se eedsverklaring by die applikante se aansoek, aan die betrokke ondersoekbeamptes oorgedra vir verdere optrede.

<u>Derrick SWARTZ</u>

Word volstaan by die inligting soos vervat in my vorige eedsverklaring (Aanhangsel B) en word verder gemeld dat hy tereg moet staan op 'n aanklag van Hoogverraad vide Algoa Park MR 70/1/87.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Dr Beyers NAUDE

Word volstaan by die inligting vervat in my vorige eedsverklaring (Aanhangsel B) en word daar gemeld dat die beslissing van die Prokureur-generaal Johannesburg mbt die aangeleentheid afgewag word.

Sisa NJIKELANA

Sy aktiwiteite word deurgaans gemonitor en dien dit verder gemeld te word dat sy aktiwiteite afgeplat het as gevolg van fisiese gebreke oorgehou as gevolg van die beserings wat gevolg het op 'n ernstige motorongeluk.

Azhar CACHALIA

Die inhoud van sy verklaring word weerlê deur die inhoud van Sechaba April 1986 P1 - 5, veral die laaste paragraaf op P 5 wat deur Steve TSHWETE oud-president van die UDF Oos-Kaap geskryf is (Aanhangsel A2) asook Mayibuye Nr 3 (1987) Redaksionele kolom P2 (Aanhangsel V1 ) en Isizwe Vol 1 Nr 2 Maart 1986 P2, 4, 8, 9, 13, 45 (Aanhangsel V2) Meer spesifiek word daarop gewys dat die SA Polisie tans nog soek na Mafeson Morobe vir aanhouding ingevolge die noodregulasies. Hy maak egter steeds persverklarings, soos die "The Voice from Underground" - Sien Weekly Mail van 12 - 18 Junie 1987 - aanhangsel V3.

Keer[illegible] 'n alpha lêers nie hier opgeneem nie

Frank CHIKANE

Word volstaan by die inhoud van my vorige eedsverklaring (Aanhangsel B - respondent se stukke). Die volgende stukke word ter verduideliking aangeheg, 'n amptelike navraag gedateer 1986-12-05 in verband met die reisgeriewe van eerw Chikane gerig aan die Departement van Binnelandse Sake asmede die antwoord deur die betrokke Departement gedateer 1986-12-12 (Aanhangsels V4 en V5)

[signature]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

00639

Op grond van sy eedsverklaring is die paspoortnommer J 114634 aan die Departement van Binnelandse Sake verstrek wat geen rekord van so 'n reisdokument of uitreiking daarvan gehad het nie.

Op verdere navrae in hierdie verband by die Departement van Binnelandse Sake is daar bepaal dat 'n paspoortnommer J1144634 op 1984-09-03 foutiewelik vir 'n geldigheidsduur van 5 jaar deur hul streekskantoor te Johannesburg aan eerw Chikane uitgereik is.

Inligting wat bekom is dui ook daarop dat hy nie meer 'n UDF ampsdraer is nie.

Sedert sy terugkeer uit die buiteland word sy aktiwiteite voortdurend gemonitor en sou wetlike optrede tans mala fide wees.

Peter MOKABA

Reeds in alpha lêers. Nie hier ook opgeneem nie

Verder tot my vorige eedsverklaring (Aanhangsel B - respondent se stukke) verwys ek na en heg aan Sowetan Donderdag 11 Junie 1987 P6 en 13 (Aanhangsel V6) Sowetan 15 Junie 1987 (Aanhangsel V7) asmede die resolusies van die Release Mandela Campaign van 11 - 12 April 1987 sowel as die COSATU News Nr 4 Mei 1987 (Aanhangsels V8 en V9) asook UDF News Vol 4 Nr 2 Junie 1987 (V10) en UDF News Newsletter of Western Cape Region (V 11).

Billy NAIR

Voer sy aktiwiteite ondergronds en word tans gesoek met die oog op wetlike optrede teen hom, hy is egter voortvlugtig.

Dr Ntatho MOTLANA

Word 'n beslissing van die Prokureur-generaal Transvaal afgewag vir 'n oortreding artikel 56(1)(c) Wet 74/1982 (Besit van 'n verbode publikasie)

Matandi Peter MAKHADO

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Verkeer tans in Venda en wetlike optrede word beoog as gevolg van sy aktiwiteite.

Andrew @ Blessing MPHELA

Word reeds ingevolge veiligheidsregulasies aangehou as gevolg van sy bedrywighede op die kampus van die Universiteit van die Noorde.

Lucille MEYER

Is na haar vrylating in die Ciskei, waar sy geweier het om teen eerw Stofile wat tot 11 jaar effektiewe gevangenisstraf op klagtes in gevolge die Wet op Terrorisme in die Ciskei gevonnis is te getuig, by haar ouers te Kaapstad woonagtig en word haar aktiwiteite deurlopend gemonitor.

Andrew HENDRICKS

Is tans 'n student in die Regte aan die Universiteit Rhodes en word daar tans 'n klagte van Subversie teen hom ondersoek met die oog op voorlegging aan die Prokureur-generaal vir 'n beslissing.

Dr R.A.M. SALOOJEE

Was beperkings gedurende vorige noodtoestand opgelê (Aanhangsel V12) en word soortgelyke optrede ingevolge die jongste noodtoestand oorweeg.

Andrew BORRAINE

Word tans gesoek en 'n lasbrief vir sy inhegtenisname is uitgereik in Kaapstad MR 561/3/85 wat betrekking het op 21 klagtes vir die verspreiding van verbode publikasies en 7 klagtes vir die besit van verbode publikasies.

Jeremy CRONIN

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

00641

Word sedert die afkondiging van die noodtoestand op 1986-06-12 gesoek vir wetlike optrede en is tans voortvlugtig.

Eerw Chris NISSEN

Was aangehou ingevolge die veiligheidsregulasies en is sedert sy vrylating ooglopend onaktief.

Mike Roussos

Word tans ingevolge Wet 74/1982 aangehou vir sy aandeel in moorde tydens SAVD werkers se staking wat vanuit COSATU-huis Johannesburg beheer is.

3.

Hierby aangeheg is die Staatspresident se toespraak by die afkondiging van die jongste noodtoestand (Aanhangsel V13) — In alpha lêer as Botha, PW, 1987. Nie hier ook opgeneem nie

4.

Die kampanje teen huishuur en ander dienste in Swart woongebiede word tans landwyd deur plaaslike gemeenskapsorganisasies gevoer en in die geaffekteerde woongebiede wissel die persentasie huur wat gevorder word tussen 5% en 49% per maand.

5.

Alternatiewe strukture soos o.m. "People's Courts", "Yard-, street-, block" en "Area Committees" is in etlike Swart woongebiede in samewerking met die plaaslike gemeenskaps-, vroue- en jeug organisasies geïmplementeer en toegepas.

Sien Isizwe Vol No 2 Maart 1986 (V14)
Mayibuye Nr 1 1987 (V15)
Nr 2 1987 (V16)
VOW Nr 1 1987 (V17)

In alpha lêers, nie hier ook nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

00642

Sechaba Jan 1987 (V18)
ANC Planning 1987 (V19) } In alpha kei – nie hier oor nie

6.

Die ANC se werkswyse wat voorgeskryf word vir die nasionale en streeksbesture is nou sodanig dat daardie besture die beplanning, strategie en ko-ordinasie vir geaffilieerde organisasies van UDF en COSATU doen terwyl die geaffilieerdes meer aktief vir die vryheidstryd moet optree. Ook moet die bestuurskader semi-ondergronds te werk gaan. Sien VOW No 1, 1987 bl 2 (V17).

7.

Ten aansien van bewerings wat in my vorige verklaring, aanhangsel B van Respondent se stukke gemaak was, tov A Dawber, Jessie Duarte en Eddie Makue, volstaan ek by vermelde bewerings en kan ek, vanweë die feit dat ek nie my beriggewers en metodes wat aangewend word om inligting te bekom openbaar nie, die bewerings nie verder toelig nie.

8.

Die persoon Jerry Hlapani koördineerder van COSAS gemeld in bewysstuk O1, voor die Hof is volgens inligting beskuldigde Nr 14.

9.

Met betrekking tot die stigting van o.m. 'n jeugorganisasie en die UDF asmede die "stryd" haal ek verbatim aan uit 'n amptelike uitsending van die ANC oor Radio Freedom vanuit Ethiopië op 9595 KHZ op 1987-06-11. Die metode waarop hierdie inligting bekom is kan ek nie openbaar nie.

"But the fact of the matter is that although we are under sufferage, it might appear to others that the enemy has triumphed because many of our people are in detention, the fact of the matter is that we are stronger than we were in Junie 1986. During the past twelve months of the State

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

of Emergency, we have carried out unprecedented actions. We formed the South African National Youth Congress, the UDF and others right under the shade of martial law. The State of Emergency could not stop us observing our planned mass actions. Four days after the imposition of the emergency, we marked the 10th anniversary of the youth day in a massive way" en verder

"Under the dark shade of the State of Emergency we saw militant workers strikes, many of which ended with the racist bosses succumbing to the pressure of the workers.

Above all, dear compatriots, during this past twelve months, we mastered the art of underground struggle. We held a number of mass meetings under clandestine conditions. Many of our leaders are today directing the struggle from underground. Botha's large network of police informers and spies has failed to find them. That is why even Botha had to admit in his racist parliament that his rule of martial law could only act as lid on a simmering pot. He admitted that immediately you remove the lid, the whole situation will get out of hand. This was..."

10.

Ter aanvulling van para 19 van my eedsverklaring aanhangsel A tot die Respondent se stukke wil ek vir die tydperk 1986-12-31 tot 1987-06-15 die volgende statistieke aanhaal:

| | |
|---|---|
| Halssnoermoorde | 9 |
| Aanvalle op Raadslede | 4 |
| Aanvalle op Veiligheidsmagte | 444 |
| Aanvalle op Staatsgeboue | 15 |
| Voorvalle waar eiendom beskadig is | 1483 |
| Terreurdade | 55 |
| Aanvalle op persone verbonde aan Staatsinstellings | 20 |

11.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

Op 1987-06-16 daar is 'n algemene wegblyaksie geloods wat gepaard gegaan het met die volgende gewelddadige optredes:

| | |
|---|---|
| Aanvalle op Veiligheidsmagte | 20 |
| Aanvalle op Staatsgeboue | 1 |
| Voorvalle waarin eiendom beskadig is | 25 |
| Terreurdade | 1 |
| Aanvalle op privaatpersone | 4 |

Die voormelde voorvalle het o.m. bestaan uit petrolbomaanvalle, klipgooi-voorvalle, brandstigtings, moord en intimidasie. Ek volstaan by my submissies soos vervat in para 4, 5, 6 en 20 van aanhangsel A van die respondent se stukke.

12.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie. Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete. So help my God.

PLEK: PRETORIA

DATUM: 1987-06-22

.............................KAPT
FPR BOTHA

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring op hede die 22ste dag van Junie 1987 om 11h00 te Pretoria.

.......................Lt-kol
SJP ABRIE
VREDEREGTER
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STEPHANUS JOHANNES PAULUS ABRIE
LT-KOL : SA POLISIE
WACHTHUIS
SCHOEMANDSTRAAT
PRETORIA
93

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

"V4"

C6713

S.4/40309

Sers P J Joubert (B4)

214511 x 2528

VEILIGHEIDSHOOFKANTOOR
PRIVAATSAK X302
PRETORIA
0001

1986 -12- 05

Die Direkteur-generaal
Binnelandse Sake
Privaatsak X114
PRETORIA
0001

REISGERIEWE : EERWAARDE FRANK CHIKANE
U 17435/75 gedateer 1984-07-12 het betrekking

1. As gevolg van onderwerp se uiters skadelike uitsprake in die buiteland word dit tans oorweeg om u te nader vir oorweging van terugtrekking van sy reisgeriewe.

2. Graag word verneem wat die huidige posisie met betrekking tot eerwaarde CHIKANE se reisgeriewe is.

Lt-kol
n/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE
W F WENTZEL
/mm

Ek sertifiseer dat hierdie dokument 'n ware afdruk/~~uitskrif~~ is van die oorspronklike wat deur my persoonlik besigtig is en dat, volgens my waarnemings, die oorspronklike nie op enige wyse gewysig is nie.

W479406F
Stasiebevelvoerder.
JACOBUS LOUIS ERASMUS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

"V5"

BI-57

00714

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
**DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE**

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
**DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS**


HOOFKANTOOR/HEAD OFFICE
CIVITAS
STRUBENSTRAAT/STREET 242
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X114
PRETORIA
0001


BEVELVOERENDE OFFISIER
S.A. POLISIE
1986-12-22
PRIVAATSAK X302, PRETORIA 0001
VEILIGHEIDSTAK HOOFKANTOOR

☎→ X306
VERW. REF. 17435/75

Die KOmmissaris
SA Polisie
Privaatsak X302
PRETORIA
0001

1986-12-12

REISGERIEWE : EERWAARDE FRANK CHIKANE
U S4/40309 GED 1986-12-05 HET BETREKKING

Volgens die departement se rekords was goedkeuring op 1984-09-11 verleen dat reisgeriewe geldig vir 1 jaar aan eerwaarde Chikane toegestaan word.

DIREKTEUR-GENERAAL
/jvo

Ek sertifiseer dat hierdie [illegible] is van die oorspronklike [illegible] is en dat, volgens my waarnemings, die oorspronklike [illegible] wyse gewysig is nie.

0479405
n/Stasiebevelvoerder,
JACOBUS LOUIS ERASMUS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018.

☎ NASIONAAL (012) 28-2551 ☎ INTERNASIONAAL +27 12282551 32-1353 SA

" V12 00788

S C H E D U L E

CONDITIONS OF RELEASE OF RASHID AHMED MAHMOOD SALOOJEE

